



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING**

**GRAAD 5**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**STEL 3: 2012 MODELVRAE**

## RIGLYNE BY DIE GEBUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

### 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

### 2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

### 3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

### 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

## 5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwyshulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.



“O, wat ’n man is hy, hierdie Willie Wonka!”, roep Oupa Joe uit. Daar is so baie verskillende soorte sjokolade om van te kies. Dit is baie moeilik om ’n keuse te maak. Het jy geweet dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokoladestafies ontwerp het? Sy sjokoladestafies het elk die soetste, romerigste en lekkerste binnekant, wat geen ander fabriek nog kon maak! Die nuutste een is die sneeuwit sjokolade. Willie Wonka se sjokolade is baie goedkoop. Ons kan hulle aanhoudend koop.

“Sowaar!” roep Ouma Josephine uit. Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld! Is dit nie so nie, Oupa Joe?” “Dit is so, my liefing, dit is. Al die konings en presidente van die wêreld eet ook sy sjokolade. Hy maak nie net sjokoladestafies nie. O, grote griet, nee! Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindsels na vore gekom. Het jy geweet dat hy nou net ’n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak? Dit kan nogal vir ure koud bly sonder om dit in die yskas te sit. Dit sal nie eers loperig raak as dit die heeldyd op ’n warm oggend in die son lê nie.” “Dit is onmoontlik!”, sê klein Charlie, wat sy oupa aanstaar. “Natuurlik, dit is moontlik!”, roep Oupa Joe hard uit.

“Dit is totaal ongehoord! Willie Wonka is die enigste persoon wat dit reggekry het!”

“Reg genoeg!” Die ander knik hulle koppe instemmend. “Mnr. Willie Wonka het dit gedoen!”

[Uittreksel uit ’n boek deur Roald Dahl]

1.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die beste titel vir die storie is:

- A Willie Wonka se sjokolade
- B Ouma se gunsteling sjokolade
- C Charlie is lief vir sjokolade
- D Sjokolade-uitvindsels (1)

1.2 Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul.

Die storie handel oor Willie Wonka se \_\_\_\_\_ . (1)

1.3 Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde.

Waaroor handel die storie?

---

---

(1)

2.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

In die frase: "O, wat 'n man is hy", verwys die woord "hy" na ...

A Charlie.

B Willie Wonka.

C Oupa Joe.

D Roald Dahl.

(1)

2.2 Kies 'n woord uit die leesstuk om die onderstaande vergelyking te voltooi.

Willie Wonka het (driehonderd/eenhonderd/tweehonderd) nuwe sjokolades ontwerp.

(1)

2.3 Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde.

Hoeveel nuwe soorte sjokolade het Willie Wonka ontwerp?

---

---

(1)

2.4 Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is. Merk (√) in die regte blokkie.

Willie Wonka se sjokolade is baie duur.

WAAR	<input type="checkbox"/>
------	--------------------------

ONWAAR	<input type="checkbox"/>
--------	--------------------------

Motiveer jou antwoord.

---

---

(1)

3.1 Kies die korrekte antwoord deur van die woorde in die onderstaande blok gebruik te maak.

Willie Wonka se sjokolade word gestuur:

---

slegs na sekere plekke	regoor die wêreld	na Suid-Afrika
------------------------	-------------------	----------------

(1)

3.2 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Watter reël dui aan dat Wonka se sjokolade wêreldberoemd is?

- A “Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld!”
- B “Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindings na vore gekom.”
- C “dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokolade stasies ontwerp het?”
- D “dat hy nou ’n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak?”

(1)

3.3 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woord in te vul.

Willie Wonka het meer as \_\_\_\_\_ verskillende soorte sjokolades ontwerp.

(1)

3.4 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Merk (✓) in die regte blokkie.

'n Fabriek is 'n plek waar dinge gemaak word.

WAAR	<input type="checkbox"/>
------	--------------------------

ONWAAR	<input type="checkbox"/>
--------	--------------------------

Motiveer jou antwoord.

---

---

(2)

4.1 Willie Wonka se nuutste uitvindsel was die \_\_\_\_\_ sjokolade.

- A donker
- B gewone
- C sneeuwit
- D aarbei

(1)

4.2 Voltooi die sin deur 'n woord uit die leesstuk in te vul.

Die nuutste sjokolade wat Wonka ontwerp het, is die \_\_\_\_\_sjokolades. (1)

4.3 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Merk (✓) in die regte blokkie.

Presidente en konings eet nie Willie Wonka se sjokolade nie.

WAAR	<input type="checkbox"/>
------	--------------------------

ONWAAR	<input type="checkbox"/>
--------	--------------------------

Motiveer jou antwoord

---

---

---

(2)

4.4 Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde.

Watter ander idee het Willie Wonka omtrent roomys gehad?

---

---

(2)

5.1 Kies die korrekte antwoord uit die woorde in die blok om die onderstaande sin te voltooi.

Willie Wonka is 'n baie \_\_\_\_\_ man.

hartseer	snaakse	slim
----------	---------	------

5.2 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Willie Wonka is 'n baie \_\_\_\_\_ man.

A lawwe

B slim

C ongelukkige

D snaakse

(1)

5.3 Voltooi die onderstaande sin deur die gepaste byvoeglike naamwoord in die teks in te vul.

Willie Wonka se uitvindsels is regtig \_\_\_\_\_ .

(1)



Lees die onderstaande inligtingsteks en beantwoord die vrae.



Dit is belangrik dat ons gedurende verkiesings moet stem. Almal kan egter nie stem nie. Jy moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees met 'n groen staafkode-identiteitsdokument voordat jy kan stem. Jy kan op die ouderdom van 16 jaar registreer om 'n kieser te word. Jy kan slegs stem as jy 18 jaar oud is. Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het in 1994 plaasgevind. Suid-Afrikaners wat oorsee woon word toegelaat om spesiaal te stem. Baie siek of ou mense kry 'n dag voor die verkiesing spesiale toestemming om te stem. Op 18 Mei 2011 het baie Suid-Afrikaners vir die munisipale verkiesing gestem. Die volgende nasionale verkiesing sal in 2014 plaasvind.

Jy moet na 'n stemlokaal of verkiesingskantoor gaan indien jy as 'n kieser wil registreer. Jy moet 'n aansoekvorm voltooi en jou identiteitsdokument sal geskandeer word. 'n Strepieskode-plakker, sal in jou identiteitsdokument vasgeplak word. Om te kontroleer of jy geregistreer is, moet jy jou identiteitsnommer na 32810 SMS.

6. Wie kry spesiale toestemming om te stem?

\_\_\_\_\_ (2)

7. Oorsaak en Gevolg.

Oorsaak en gevolg beteken dat as jy die een ding doen, kan iets anders gebeur.

VOORBEELD: OORSAAK: Ek het nie 'n motor nie.

GEVOLG: Ek sal moet huis toe stap.

Sê of die onderstaande OORSAAK en GEVOLG waar of onwaar is. Merk (✓) in die regte blokkie. Motiveer jou antwoord.

7.1 OORSAAK: Daar is 'n verskeidenheid van sjokolade beskikbaar.

GEVOLG: Dit is moeilik vir ons om 'n sjokolade te kies.

WAAR	<input type="checkbox"/>
------	--------------------------

ONWAAR	<input type="checkbox"/>
--------	--------------------------

Motiveer jou antwoord.

---

---

(2)

7.2 Skryf neer wat jy dink die OORSAAK van die gegewe GEVOLG sal wees.

OORSAAK: \_\_\_\_\_

(1)

GEVOLG: Dit is moeilik vir ons om 'n sjokolade te kies.

7.3 Omkring die letter met die korrekte OORSAAK van die gegewe GEVOLG.

OORSAAK: \_\_\_\_\_

GEVOLG: Dit is moeilik vir ons om 'n sjokolade te kies.

- A Al die sjokolade smaak ewe lekker.
- B Die sjokolade is baie duur.
- C 'n Mens kan nie die sjokolade bekostig nie.
- D Daar is nie 'n verskeidenheid van sjokolade nie. (1)

8. 8.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wie kan stem 'n dag voor 'n verkiesing?

- A Baie siek of ou mense
- B Nuut geregistreerde kiesers
- C Alle geregistreerde kiesers
- D Alle ongeregistreerde kiesers (1)

8.2 Wat sal in jou identiteitsboekie vasgeplak word nadat jy gestem het?

\_\_\_\_\_ (1)

8.3 Kies die korrekte antwoord uit die woorde in die blok om die onderstaande sin te voltooi.

Jy moet na 'n \_\_\_\_\_ gaan indien jy as 'n kieser wil registreer.

Polisiekantoor	Binnelandse sake	stemlokaal	hospitaal
----------------	------------------	------------	-----------

---

(1)

9. Plaas die volgende sinne in die korrekte volgorde om die registrasieproses van 'n verkiesing te verduidelik.

Nommer die onderstaande sinne van 1-4 in die ANTWOORD-blok, om die regte volgorde van die gebeurtenisse aan te dui.

GEBEURTENIS	NOMMER
'n Strepieskode-plakker sal in jou identiteitsdokument geplak word.	
Jou identiteitsdokument sal geskandeer word.	
Besoek 'n stemlokaal of verkiesingskantoor.	
Voltooi 'n aansoekvorm.	

(2)

10. Skryf die onderstaande sinne oor in die korrekte tydsvorme.

10.1 Skryf die onderstaande sin vanaf die Teenwoordige tyd na die Toekomstige tyd oor.

Dit is vir ons belangrik om te stem.

TOEKOMENDE TYD: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(1)

10.2 Skryf die onderstaande sin vanaf die Teenwoordige tyd na die Verlede tyd oor.

Dit is vir ons belangrik om te stem.

VERLEDE TYD: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ (1)

10.3 Skryf die onderstaande sin vanaf die Verlede tyd na die Teenwoordige tyd oor.

Die plakker was in my identiteitsboekie vasgeplak.

TEENWOORDIGE TYD: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ (1)

11. 11.1 Skryf die korrekte antwoord neer.

Suid-Afrikaners sal stem.

Identifiseer die onderwerp: \_\_\_\_\_ (1)

Identifiseer die gesegde: \_\_\_\_\_ (1)

11.2 Onderstreep die onderwerp in die onderstaande sin.

Suid-Afrikaanse burgers sal weer in 2014 stem. (1)

11.3 Onderstreep die gesegde in die onderstaande sin.

Spesiale verkiesing vind 'n dag voor die tyd plaas. (1)

12. Skryf die onderstaande paragraaf oor deur die nodige puntuasie (leestekens en hoofletters) te gebruik.

charlie se oë het geglinster toe hy die storie hoor. sowaar,  
watter verrassing was dit het hulle pas gedink dat ek dit kon  
doen

---

---

(3)

13. 13.1 Skryf die volgende sin vanaf die Direkte Rede oor in die Indirekte Rede.

Ouma sê: "Ek wil sjokoladeroomys hê".

---

(1)

- 13.2 Skryf die volgende sin vanaf die Indirekte Rede oor in die Direkte Rede.

Charlie sê dat dit onmoontlik was.

---

(1)

14. 14.1 Paragraaf:

Voltooi die paragraaf deur gebruik te maak van die onderstaande blok.

somer	droog	blomme	skeppinge
aarde	spaarsamig	oorleef	winter

Water is een van God se wonderlikste \_\_\_\_\_. Sonder water, sou lewe op \_\_\_\_\_ onmoontlik wees. Mense, diere en plante het water nodig om te \_\_\_\_\_. Verbeel jou hoe dit sou wees om sonder water te leef? Hoe \_\_\_\_\_ sou alles nie wees nie! Daar sou geen groen plante, \_\_\_\_\_ of bome wees nie. Geen riviere, mere of oseane. Water moet \_\_\_\_\_ gebruik word.

(3)

14.2 Paragraaf:

Skryf 'n paragraaf van ten minste 6-8 sinne waarin jy verduidelik hoe om water te bespaar.

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(3)





15.2 Voltooi die vriendskaplike brief deur die ontbrekende inligting in te vul.

Strubenstraat 222

Pretoria

0001

\_\_\_\_\_ 2012

Liewe \_\_\_\_\_

Dankie \_\_\_\_\_ my verjaardagpartytjie \_\_\_\_\_.

Ek was verras om \_\_\_\_\_ by my partytjie te sien.

Ek het \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_ ontvang.

My beste geskenk was die \_\_\_\_\_ wat ek van \_\_\_\_\_ ontvang het. \_\_\_\_\_ nuutsete.

Ek sien uit na \_\_\_\_\_.

Jou \_\_\_\_\_.

(8)

15.3 Jy het 'n brief aan Charlie geskryf, wat by die volgende adres woon: Strubenstraat 222, Pretoria, 0001.

Voltooi die onderstaande vriendskaplike brief deur die ontbrekende inligting, naamlik die adres, aanhef en slot in te vul.

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(8)

Dankie dat jy my verjaardagpartytjie bygewoon het. Ek was verras om jou by my partytjie te sien. Ek het sjokolade, geskenkbewyse en bordspeletjies ontvang.

My beste geskenk was die geskenkbewys wat ek van jou ontvang het. Nou kan ek die nuutste musiek CD vir my gaan koop.

Ek sien uit na ons volgende kuiertjie saam.

---

---